# MEMORANDUM OOR DIE OOGMERKE VAN DIE WETSONTWERP OP DIE FINANSIERING VAN POLITIEKE PARTYE, 2017

## 1. OOGMERKE VAN DIE WETSONTWERP

Openbare finansiering vir politieke partye wat in nasionale en provinsiale wetgewers verteenwoordig word, word verskaf deur die Wet op die Openbare Finansiering van Verteenwoordigende Politieke Partye, Wet no. 103 van 1997 ("die Finansieringswet").

Op 6 Mei 2017 het die Nasionale Vergadering besluit om 'n *Ad hoc*-komitee op die been te bring ingevolge artikel 253 (1) (a) van die Nasionale Vergadering ten einde -

> “navraag te doen oor en aanbevelings te maak betreffende die finansiering van politieke partye wat in nasionale en provinsiale wetgewers in Suid-Afrika verteenwoordig word, met die doel om, indien nodig, veranderende wetgewing in te stel en sodoende die volgende in oorweging te neem -
>
> • die model van openbare en private finansiering vir politieke partye; en
>
> • die behoefte aan en moontlike middele om privaatfinansiering in al sy vorme te reguleer, sowel as die beleggingsentiteite wat deur politieke partye [;] besit word.

Die *Ad Hoc*-komitee het ’n beroep gedoen op openbare kommentaar oor hoe die Wet op die Openbare Finansiering van Verteenwoordigende Politieke Partye, Wet nr 103 van 1997, bevorder kan word ten einde groter deursigtigheid te bied oor die manier waarop politieke partye gefinansier word ten einde sodoende hul doeltreffende funksionering te verseker. Die Komitee het sewentien stelle skriftelike kommentaar ontvang en het voorts almal wat kommentaar gelewer het, uitgenooi om gedurende die openbare verhore wat van 15 tot 17 Augustus 2017 gehou is, mondelinge voorleggings te doen.

## 2. BESPREKING VAN DIE WETSONTWERP

2.1. Die Aanhef van die Wetsontwerp op die Finansiering van Politieke Partye, 2017 ("die Wetsontwerp"), het dit ten doel om die behoefte weer te gee ten einde uitvoering te gee aan die grondwetlike verpligting wat ingevolge artikel 236 van die Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika, 1996 ("die Grondwet ") opgelê is. Dit beoog voorts om die Parlement se wetgewende gesag ingevolge artikel 44 weer te gee ten einde wetgewing goed te keur oor sake soos die regulering van die private finansiering van politieke partye.

2.2. Klousule 1 van die Wetsontwerp bevat die definisies.

2.3. Klousule 2 van die Wetsontwerp beoog om die Verteenwoordigde Politieke Partyfonds te stig ten einde veelpartydemokrasie te bevorder. Dié fonds bied finansiering vir politieke partye wat aan die Parlement en provinsiale wetgewers deelneem. Dit word gekrediteer met geld wat deur die Parlement bewillig word, geld wat ingevolge klousule 18 verhaal word en rente verdien op geld wat ingevolge klousule 4 (3) belê is.

Dié fonds word beskou as die bestaande fonds wat ingestel is ingevolge die Wet op die Openbare Finansiering van Verteenwoordigende Politieke Partye, Wet no. 103 van 1997. Sien klousule 24 in dié verband.

2.4. In klousule 3 van die Wetsontwerp word voorgestel dat ’n Veelparty Demokrasiefonds gestig word ten einde voorsiening te maak vir private fondse betreffende die finansiering vir politieke partye wat aan die Parlement en provinsiale wetgewers deelneem. Dié klousule verbied verder die finansiering van organe van staats- en buitelandse regerings of agentskappe.

2.5. Klousule 4 van die Wetsontwerp stel onder andere voor dat die Kommissie alle geld wat op krediet van elke fonds op ’n aparte bankrekening staan, moet deponeer, en die geld wat nié dadelik benodig word, mag belê, ten einde ’n toewysing aan politieke partye by die Openbare Beleggingskorporasie te maak.

2.6. Klousule 5 van die Wetsontwerp handel oor die bestuur van die twee fondse. Dit stel voor dat die hoofverkiesingsbeampte van die Onafhanklike Verkiesingskommissie ("die Kommissie") die rekenpligtige beampte en hoof uitvoerende beampte van albei fondse is.

2.7. Klousule 6 van die Wetsontwerp stel onder meer voor om die toewysing en betaling van geld aan politieke partye te reguleer. Hierdie klousule bepaal voorts dat sodanige toewysing gedoen moet word ingevolge 'n voorgeskrewe formule wat gegrond is:

(a) op 'n billike toewysing met inagname van:

(i) 'n vaste drempel vir 'n minimum toewysing aan alle politieke partye met verteenwoordiging in die Nasionale Vergadering of die provinsiale wetgewers; of

(ii) 'n gemiddelde skaal van verteenwoordiging vir 'n toewysing aan politieke partye met verteenwoordigers in die Nasionale Vergadering of die provinsiale wetgewers; en

(b) 'n proporsionele toewysing met inagname van die verhouding wat die getal van 'n politieke party se verteenwoordigers in beide die Nasionale Vergadering en die provinsiale wetgewers tot die som van die setels in dié wetgewers dra.

Die klousule stel voorts voor dat die Kommissie toegewysde geld op voorgeskrewe tussenposes moet betaal.

2.8. Klousule 7 van die Wetsontwerp sit die doeleindes uiteen waarvoor geld uit die fondse gebruik mag word. Die klousule bepaal ook waarvoor die geld nié gebruik mag word nie.

2.9. Klousule 8 van die Wetsontwerp beoog om die direkte finansiering van politieke partye te reguleer en bevat definisies wat slegs op die voorgestelde hoofstuk 3 van toepassing is.

2.10. Klousule 9 van die Wetsontwerp poog om skenkings te verbied wat direk vanuit politieke bronne aan politieke partye gemaak word.

2.11. Klousules 10 van die Wetsontwerp beoog om die openbaarmaking van skenkings wat regstreeks gemaak word aan ’n politieke party, te reguleer. Dit maak voorsiening vir die openbaarmaking van alle skenkings bokant ’n voorgeskrewe drempel op ’n voorgeskrewe orde en wyse. Dit bepaal ook wanneer die Kommissie die inligting openbaar moet maak.

2.12. Klousule 11 van die Wetsontwerp verbied die direkte finansiering van die lede van enige politieke party.

2.13. Klousules 12 van die Wetsontwerp handel oor die verpligte voorskrif vir politieke partye om die Kommissie van sekere voorgeskrewe inligting en dokumentasie te voorsien.

2.14. Klousule 13 van die Wetsontwerp beoog om te reguleer hoe verteenwoordigende politieke partye rekenskap moet gee van die geld wat aan hulle uit die fondse betaal word.

2.15. Klousule 14 van die Wetsontwerp bepaal hoe die Kommissie aan die einde van die boekjaar onbestede fondse moet hanteer. Die klousule maak ook voorsiening vir hoe onbestede fondse hanteer moet word indien die Parlement of ’n provinsiale wetgewer ontbind word.

2.16. Klousule 15 van die Wetsontwerp handel oor die Kommissie se moniterings- en inspeksiebevoegdhede.

2.17. Klousule 16 van die Wetsontwerp verleen aan die Kommissie die bevoegdheid om ’n kennisgewing aan ’n politieke party uit te reik ten einde te voorkom dat ’n sanksie ingestel word.

2.18. Klousule 17 van die Wetsontwerp verleen aan die Kommissie die bevoegdheid om onder sekere omstandighede die betaling van geld op te skort.

2.19. Klousule 18 van die Wetsontwerp verleen aan die Kommissie die mag om geld te verhaal wat deur politieke partye onregmatig aanvaar of bestee is.

2.20. Klousule 19 van die Wetsontwerp beoog om die Kommissie die mag te verleen om administratiewe boetes vir ’n oortreding of herhaalde oortreding op te lê.

2.21. Klousule 20 van die Wetsontwerp handel oor die regte van enige persoon om ’n besluit van die Kommissie ingevolge die Wetsontwerp te hersien of daarteen te appèleer. Dit beoog voorts om die Verkiesingshof te stig, aangesien die hof oor die uitsluitlike jurisdiksie beskik om enige hersiening of appèl teen enige besluit van die Kommissie aan te hoor en te bepaal.

2.22. Klousule 21 van die Wetsontwerp maak voorsiening vir die verslagdoening van die Kommissie aan die Parlement.

2.23. Klousule 22 van die Wetsontwerp beoog om voor te stel dat wetgewers slegs onderskeidelik politieke partye ingevolge artikels 57 (2) en 116 (2) van die Grondwet mag finansier. Dit verbied voorts dat politieke partye en onafhanklike kandidate deur munisipale rade gefinansier word.

2.24. Klousule 23 van die Wetsontwerp maak voorsiening vir die aangeleenthede waarvoor die Kommissie regulasies moet opstel, onderworpe aan die toestemming van die Nasionale Vergadering ten opsigte van sekere aangeleenthede.

2.25. Klousule 24 van die Wetsontwerp maak voorsiening vir die herroeping van Wet 103 van 1997, behalwe soos daarvoor voorsiening gemaak in die oorgangsbepalings in dié

klousule, wat die bepalings van die regulasies ingevolge die Wet 103 van 1997 om regulasies uit te vaardig onder dié Wetsontwerp, insluit.

2.26. Klousule 25 van die Wetsontwerp bevat die kort titel en aanvang.

## 2. DEPARTEMENTE / LIGGAME / PERSONE GERAADPLEEG

**Die volgende departemente / liggame / persone het mondelinge voorleggings aan die *Ad hoc*-komitee gemaak:**

- Nasionale Tesourie
- Onafhanklike Verkiesingskommissie
- Suider-Afrikaanse Katolieke Biskoppe Konferensie
- African National Congress
- My Stem Tel
- COOL Jeugkerk
- Raad vir die Bevordering van die Suid-Afrikaanse Grondwet
- Raad vir Geesteswetenskaplike Navorsing
- Suid-Afrikaanse Geskiedenis-argief
- Right2Know
- Corruption Watch
- Demokrasie-ontwikkelingsprogram
- Navorsingsinstituut vir Staatsaangeleenthede
- Congress of South African Trade Unions

## 4. FINANSIËLE IMPLIKASIES VIR DIE STAAT

Die finansiële implikasies is beperk tot die hulpbronne wat die Kommissie sal benodig ten einde die bykomende fonds te bestuur.

## 5. PARLEMENTÊRE PROSEDURE

5.1. Die Komitee is van mening dat dié Wetsontwerp aangepak moet word ooreenkomstig die prosedure wat in artikel 75 van die Grondwet, 1996, ingestel is, aangesien dit geen bepalings bevat waarvolgens die prosedures in artikel 74 of 76 van die Grondwet uiteengesit word nie.

5.2. Die Komitee is van mening dat dit nie nodig is om dié Wetsontwerp na die Nasionale Huis van Tradisionele Leiers ingevolge artikel 18 (1)*(a)* van die Raamwerk vir Tradisionele Leierskap en Regering, 2003 (Wet No. 41 van 2003). ) te verwys nie, aangesien dit nie bepalings bevat met betrekking tot gewoontereg of gebruike van tradisionele gemeenskappe nie.